

Titel: Na Sy Beeld
Pastoor: Phillip Boshoff
Datum: 19 Julie 2009
Tyd: 09:00



Genesis 1:27

²⁷En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Met Sy gesindheid

Filippense 2:1-16

¹As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, ²maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. ³Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. ⁴Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. ⁵Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. ⁶Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, ⁷maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; ⁸en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. ⁹Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, ¹⁰sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, ¹¹en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader. ¹²Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; ¹³want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehag. ¹⁴Doen alles sonder murmurering en teësprak, ¹⁵sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, ¹⁶deurdadig julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie.

Die gevaar van selfsug

Jakobus 3:14-16

¹⁴Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. ¹⁵Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; ¹⁶want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.

NKJV

¹⁶For where envy and self-seeking exist, confusion and every evil thing are there.

Die krag van ons kruis

Markus 3:34-36

³⁴En toe Hy die skare saam met Sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg. ³⁵Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red. ³⁶Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?

Die volmaakte voorbeeld

Mattheus 20:26-28

²⁵Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; ²⁶maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. ²⁷En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; ²⁸net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.